**24 Mei 2020**

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

nous praktiese wysheid...

## 1 Petrus 4: 12-14; 5: 6-11

## ons storie

ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Watter raad sal jy vir iemand gee wat iets moelik aanpak, byvoorbeeld 'n marathon?

## word stil

Lees Psalm 68: 1-10, 32-35

Dink na oor hoe God al vir jou uitkoms gegee het.

## GOD se storie

wat sê die Bybel

Lees saam

1 Petrus 4: 12-14; 5: 6-11

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

## GOD se storie

gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Wat kan ons uit hierdie gedeelte aflei oor die mense vir wie Petrus skryf? Wat is Petrus se doel met die skrywe?
- Hoekom sal dit vir Christene bly maak om in die lyding van Christus te deel? Hoe voel jy daaroor om saam met Jesus deur lyding te gaan eerder as om dit net so gou moontlik verby te kry?
- Hoe help die vreugde wat eendag by die wederkoms wag ons om lyding wat nou gebeur te hanteer?
- Watter vier riglyne gee Petrus in vers 6-9 vir tye van teenspoed en lyding? Wat leer ons hieruit oor God?
- Hoe help vers 10-11 vir jou?
- Op watter maniere is hierdie gedeelte relevant vir ons? Wat beteken dit vir jou?
- Som in julle eie woorde op wat ons by Petrus leer oor lyding?

## ons nuwe storie

**Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.**
**Verder en Voor:**

God gebruik ons ook om mekaar se lyding te help verlig. Is daar iemand wie se lyding julle kan help verlig?

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?



**Dank God daarvoor.**